(5) In hierdie artikel beteken "tantième" 'n betaling van enige aard ontvang as vergoeding vir die gebruik van, of die reg van gebruik van enige kopiereg, patent, handelsmerk, ontwerp of model, plan, geheime formule of proses, vir die gebruik van, of die reg van gebruik van industriële, handels- of wetenskaplike toerusting, of vir inligting aangaande industriële, handels- of wetenskaplike ondervinding, en ook enige huur of soortgelyke betaling ten opsigte van kinematograaf- of televisiefilms, maar sluit nie in enige bedrag betaal ten opsigte van die eksploitering van 'n myn, oliebron of steengroef of van enige ander ontginning van natuurlike hulpbronne nie.

ARTIKEL X

(1) Inkomste uit onroerende eiendom mag belas word in die gebied waarin sodanige eiendom geleë is.

(2) Die uitdrukking "onroerende eiendom" word uitgelê ooreenkomstig die wette van die gebied waarin die betrokke eiendom geleë is. Die uitdrukking sluit in elke geval in eiendom wat bykomend tot onroerende eiendom is, lewende hawe en toerusting van landbou- en bosbouondernemings, regte waarop die bepalings van die algemene reg betreffende grond van toepassing is, vruggebruik oor onroerende eiendom en regte op wisselende of vaste betalings as vergoeding vir die ontginning van mineraalafsettings, bronne en ander natuurlike hulpbronne; skepe, bote en vliegtuie word nie geag onroerende eiendom te wees nie.

(3) Die bepalings van paragrawe (1) en (2) van hierdie artikel is van toepassing op inkomste verkry uit die regstreekse gebruik of die verhuur van onroerende eiendom of uit die gebruik in enige ander vorm van sodanige eiendom, insluitende inkomste uit landbou- of bosbouondernemings. Hulle is insgelyks van toepassing op winste verkry uit die vervreemding van onroerende eiendom.

(4) Die bepalings van paragrawe (1) tot (3) van hierdie artikel is ook van toepassing op inkomste uit onroerende eiendom van enige ander ondernemings as landbou- of bosbouondernemings en op inkomste uit onroerende eiendom wat gebruik word in die verrigting van professionele dienste.

ARTICLE XI

(1) Remuneration (other than pensions) paid by one of the Contracting Parties to any individual for services rendered to that Contracting Party in the discharge of governmental functions shall be exempt from tax in the territory of the other Contracting Party if the individual is not ordinarily resident in that territory or is ordinarily resident in that territory solely for the purpose of rendering those services.

(2) Any pension paid by one of the Contracting Parties to any individual for services rendered to that Contracting Party in the discharge of governmental functions shall be exempt from tax in the territory of the other Contracting Party, in so far as the remuneration for those services was exempt from tax in that territory under paragraph (1) of this Article or would have been so exempt if the present Convention had been in force at the time when the remuneration was paid.

(3) The provisions of this Article shall not apply to payments in respect of services rendered in connection with any trade or business carried on by either of the Contracting Parties for purposes of profit.

(4) For the purposes of this Article, the term "Contracting Party", in the case of South Africa, includes the Administrations of the Provinces of South Africa.

ARTICLE XII

(1) Any pension (other than a pension of the kind referred to in paragraph (2) of Article XI) and any annuity, derived from sources within South Africa by an individual who is a resident of the United Kingdom and subject to United Kingdom tax in respect thereof, shall be exempt from South African tax.

(2) Any pension (other than a pension of the kind referred to in paragraph (2) of Article XI) and any annuity, derived from sources within the United Kingdom by an individual who is a resident of South Africa and subject to South African tax in respect thereof, shall be exempt from United Kingdom tax.

(3) The term "annuity" means a stated sum payable periodically at stated times, during life or during a specified or ascertainable period of time, under an obligation to make the payments in return for adequate and full consideration in money or money's worth.

ARTICLE XIII

Income derived by a resident of one of the territories in respect of professional services or other independent activities of a similar character shall be subjected to tax only in that territory unless he has a fixed base regularly available to him in the other territory for the purpose of performing his activities. If he has such a fixed base, such part of that income as is attributable to that base may be taxed in that other territory.

ARTIKEL XI

(1) Vergoeding (behalwe pensioene) deur een van die Kontrakterende Partye aan iemand betaal vir dienste wat vir daardie Kontrakterende Party by die uitoefening van regeringsfunksies verrig is, is vrygestel van belasting in die gebied van die ander Kontrakterende Party indien so iemand nie gewoonlik in daardie gebied woonagtig is nie of gewoonlik in daardie gebied woonagtig is uitsluitlik met die doel om daardie dienste te verrig.

(2) Enige pensioen deur een van die Kontrakterende Partye aan iemand betaal vir dienste wat vir daardie Kontrakterende Party by die uitoefening van regeringsfunksies verrig is, is vrygestel van belasting in die gebied van die ander Kontrakterende Party vir sover die vergoeding vir daardie dienste vrygestel was van belasting in daardie gebied kragtens paragraaf (1) van hierdie artikel of aldus vrygestel sou gewees het indien die huidige Konvensie van krag was ten tye van die betaling van die vergoeding.

(3) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing op betalings ten opsigte van dienste wat verrig is in verband met enige handel of besigheid wat deur een van die Kontrakterende Partye met die oog op winste gedryf word nie.

(4) Vir doeleindes van hierdie artikel, sluit die uitdrukking "Kontrakterende Party", in geval van Suid-Afrika, die Administrasies van die Provinsies van Suid-Afrika in.

ARTIKEL XII

(1) Enige pensioen (behalwe 'n pensioen van die soort in paragraaf (2) van artikel XI bedoel) en enige jaargeld, verkry uit bronne in Suid-Afrika deur iemand wat 'n inwoner van die Verenigde Koninkryk is en wat ten opsigte daarvan aan belasting van die Verenigde Koninkryk onderworpe is, is vrygestel van Suid-Afrikaanse belasting.

(2) Enige pensioen (behalwe 'n pensioen van die soort in paragraaf (2) van artikel XI bedoel) en enige jaargeld, verkry uit bronne in die Verenigde Koninkryk deur iemand wat 'n inwoner van Suid-Afrika is en wat ten opsigte daarvan aan Suid-Afrikaanse belasting onderworpe is, is vrygestel van belasting van die Verenigde Koninkryk.

(3) Die uitdrukking "jaargeld" beteken 'n aangegewe som wat van tyd tot tyd op gegewe tye gedurende lewe of gedurende 'n vermelde of vasstelbare tydskuur betaalbaar is ingevolge 'n verpligting om die betalings te doen as teenprestasie vir voldoende en volle vergoeding in geld of geldwaarde.

ARTIKEL XIII

Inkomste verkry deur 'n inwoner van een van die gebiede ten opsigte van professionele dienste of ander onafhanklike werksaamhede van 'n dergelike aard word slegs in daardie gebied aan belasting onderwerp tensy hy 'n vaste basis in die ander gebied gereeld tot sy beskikking het vir doeleindes van die uitoefening van sy werksaamhede. Indien hy so 'n vaste basis het, mag sodanige gedeelte van daardie inkomste as wat aan daardie basis toegeskryf kan word in daardie ander gebied belas word.

ARTICLE XIV

(1) Subject to the provisions of Articles XI, XII and XVI, salaries, wages and other similar remuneration derived by a resident of one of the territories in respect of an employment shall be subjected to tax only in that territory unless the employment is exercised in the other territory. If the employment is so exercised, such remuneration as is derived therefrom may be taxed in that other territory.

(2) Notwithstanding the provisions of paragraph (1) of this Article, remuneration derived by a resident of one of the territories in respect of an employment exercised in the other territory shall be subjected to tax only in the first-mentioned territory if—

- (a) the recipient is present in the other territory for a period or periods not exceeding in the aggregate 183 days in the fiscal year concerned, and
- (b) the remuneration is paid by or on behalf of an employer who is not a resident of the other territory, and
- (c) the remuneration is not deducted from the profits of a permanent establishment or a fixed base which the employer has in the other territory.

(3) In relation to remuneration of a director of a company derived from the company the preceding provisions of this Article shall apply as if the remuneration were remuneration of an employee in respect of an employment, and as if references to employers were references to the company.

(4) Notwithstanding the preceding provisions of this Article, remuneration for personal services performed aboard a ship or aircraft in international traffic may be taxed in the territory in which the place of effective management of the enterprise is situated.

ARTICLE XV

Notwithstanding anything contained in the present Convention, income derived by public entertainers, such as theatre, motion picture, radio or television artistes, and musicians, and by athletes, from their personal activities as such may be taxed in the territory in which these activities are exercised.

ARTICLE XVI

A professor or teacher from one of the territories, who receives remuneration for teaching, during a period of temporary residence not exceeding two years, at a university, college, school or other educational institution in the other territory, shall be exempt from tax in that other territory in respect of that remuneration.

ARTICLE XVII

Payments which a student or business apprentice from one of the territories who is present in the other territory solely for the purpose of his education or training receives for the purpose of his maintenance, education or training, shall not be taxed in that other territory, provided that such payments are made to him from sources outside that other territory.

ARTIKEL XIV

(1) Behoudens die bepalings van artikels XI, XII en XVI, mag salarisse, lone of enige ander soortgelyke vergoeding verkry deur 'n inwoner van een van die gebiede ten opsigte van enige diensbetrekking slegs in daardie gebied aan belasting onderwerp word tensy die diensbetrekking in die ander gebied uitgeoefen word. Indien die diensbetrekking in die ander gebied uitgeoefen word, mag sodanige vergoeding as wat daaruit verkry word in daardie ander gebied belas word.

(2) Ondanks die bepalings van paragraaf (1) van hierdie artikel, word vergoeding verkry deur 'n inwoner van een van die gebiede ten opsigte van 'n diensbetrekking wat in die ander gebied uitgeoefen word slegs in eersgenoemde gebied aan belasting onderwerp as—

- (a) die ontvanger vir 'n tydperk of tydperke van hoogstens altesaam 183 dae in die ander gebied gedurende die betrokke belastingjaar aanwesig is, en
- (b) die vergoeding betaal word deur of namens 'n werkgewer wat nie 'n inwoner van die ander gebied is nie, en
- (c) die vergoeding nie afgetrek word van die winste van 'n permanente saak of vaste basis wat die werkgewer in die ander gebied het nie.

(3) Met betrekking tot die vergoeding wat 'n direkteur van 'n maatskappy van die maatskappy verkry, is voorgaande bepalings van hierdie artikel van toepassing asof die vergoeding die vergoeding van 'n werknemer ten opsigte van 'n diensbetrekking is en asof verwysings na werkgewers verwysings na die maatskappy is.

(4) Ondanks voorgaande bepalings van hierdie artikel mag vergoeding vir persoonlike dienste aan boord van 'n skip of vliegtuig in internasionale verkeer verrig in die gebied belas word waarin die effektiewe bestuur van die onderneming geleë is.

ARTIKEL XV

Ondanks enigiets in die huidige Konvensie vervat, mag inkomste verkry deur openbare voordraers soos teater-, bioskoop-, radio- of televisiekunstenaars, en musikante, en deur atlete, uit hulle persoonlike bedrywighede as sodanig belas word in die gebied waarin die bedrywighede uitgeoefen word.

ARTIKEL XVI

'n Professor of onderwyser van een van die gebiede, wat vergoeding ontvang vir dosering, gedurende 'n tydperk van tydelike verblyf van hoogstens twee jaar, aan 'n universiteit, kollege, skool of ander onderwysinrigting in die ander gebied, is vrygestel van belasting in daardie ander gebied ten opsigte van sodanige vergoeding.

ARTIKEL XVII

Betalings vir doeleindes van sy onderhoud, opvoeding of opleiding ontvang deur 'n student of besigheidsvakleerling van een van die gebiede wat in die ander gebied aanwesig is alleenlik vir die doel van sy opvoeding of opleiding word nie in daardie ander gebied belas nie, mits sodanige betalings aan hom uit bronne buite daardie ander gebied gedoen word.

ARTICLE XVIII

Any income not dealt with in the foregoing provisions derived by a resident of one of the territories who is subject to tax there in respect thereof shall be subjected to tax only in that territory.

ARTICLE XIX

(1) Individuals who are residents of South Africa shall be entitled to the same personal allowances, reliefs and reductions for the purposes of United Kingdom tax as British subjects not resident in the United Kingdom.

(2) Individuals who are residents of the United Kingdom shall be entitled to the same personal allowances, reliefs and reductions for the purposes of South African tax as those to which South African citizens not resident in South Africa may be entitled.

ARTICLE XX

(1) Subject to the provisions of the law of the United Kingdom regarding the allowance as a credit against United Kingdom tax of tax payable in a territory outside the United Kingdom, South African tax payable, whether directly or by deduction, in respect of income from sources within South Africa shall be allowed as a credit against any United Kingdom tax payable in respect of that income. Where such income is an ordinary dividend paid by a company which is a resident of South Africa, the credit shall take into account (in addition to any South African tax appropriate to the dividend) the South African tax payable by the company in respect of its profits; and, where it is a dividend paid on participating preference shares and representing both a dividend at the fixed rate to which the shares are entitled and an additional participation in profits, the South African tax so payable by the company shall likewise be taken into account in so far as the dividend exceeds that fixed rate.

(2) Where United Kingdom income tax is payable, whether directly or by deduction, in respect of income derived from sources within the United Kingdom by a resident of South Africa, and that tax is borne by him, South Africa shall either impose no tax on that income or, subject to such provisions (which shall not affect the general principle hereof) as may be enacted in South Africa, shall allow the United Kingdom income tax as a credit against any South African tax payable in respect of that income; provided that, where the income is a dividend received from a company which is a resident of the United Kingdom, nothing in this paragraph shall require credit to be allowed at a rate in excess of the net United Kingdom rate borne by the company.

(3) For the purposes of this Article, remuneration for personal (including professional) services performed in one of the territories shall be deemed to be income from sources within that territory, and the services of an individual

ARTIKEL XVIII

Enige inkomste nie in die voorgaande bepalings behandel nie wat verkry word deur 'n inwoner van een van die gebiede wat daar ten opsigte daarvan aan belasting onderworpe is, word slegs in daardie gebied aan belasting onderwerp.

ARTIKEL XIX

(1) Individue wat inwoners van Suid-Afrika is, is geregtig op dieselfde persoonlike toelaes, verligtings en verminderings vir doeleindes van die belasting van die Verenigde Koninkryk as Britse onderdane wat nie in die Verenigde Koninkryk woonagtig is nie.

(2) Individue wat inwoners van die Verenigde Koninkryk is, is geregtig op dieselfde persoonlike toelaes, verligtings en verminderings vir doeleindes van Suid-Afrikaanse belasting as dié waarop Suid-Afrikaanse burgers wat nie in Suid-Afrika woonagtig is nie, geregtig mag wees.

ARTIKEL XX

(1) Onderworpe aan die bepalings van die wet van die Verenigde Koninkryk betreffende die toelating as 'n krediet teen die belasting van die Verenigde Koninkryk van belasting betaalbaar in 'n gebied buite die Verenigde Koninkryk word Suid-Afrikaanse belasting wat, hetsy regstreeks of deur aftrekking, betaalbaar is ten opsigte van inkomste uit bronne in Suid-Afrika toegelaat as 'n krediet teen enige belasting van die Verenigde Koninkryk betaalbaar ten opsigte van daardie inkomste. Waar sodanige inkomste 'n gewone dividend is wat betaal word deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van Suid-Afrika is, moet die krediet rekening hou met (benewens enige Suid-Afrikaanse belasting van toepassing op die dividend) die Suid-Afrikaanse belasting betaalbaar deur die maatskappy ten opsigte van sy winste; en, waar dit 'n dividend is wat betaal word op winsdelende voorkeuraandeel en bestaan uit beide 'n dividend teen die vasgestelde skaal waarop die aandeel geregtig is en 'n addisionele deelneming in winste, word daar met die Suid-Afrikaanse belasting aldus deur die maatskappy betaalbaar insgelyks rekening gehou vir sover die dividend die vasgestelde skaal te bowe gaan.

(2) Wanneer inkomstebelasting van die Verenigde Koninkryk betaalbaar is, hetsy regstreeks of deur aftrekking, ten opsigte van inkomste uit bronne in die Verenigde Koninkryk deur 'n inwoner van Suid-Afrika verkry, en daardie belasting deur hom gedra word, hef Suid-Afrika of geen belasting op daardie inkomste nie of staan hy, onderworpe aan sodanige bepalings (wat nie die algemene beginsel hiervan mag raak nie) as wat in Suid-Afrika uitgevaardig mag word, die inkomstebelasting van die Verenigde Koninkryk toe as 'n krediet teen enige Suid-Afrikaanse belasting wat ten opsigte van daardie inkomste betaalbaar is; met dien verstande dat, wanneer die inkomste 'n dividend is wat ontvang is van 'n maatskappy wat 'n inwoner van die Verenigde Koninkryk is, niks in hierdie paragraaf vereis dat krediet toegestaan moet word teen 'n hoër skaal as die netto skaal van die Verenigde Koninkryk wat deur die maatskappy gedra word nie.

(3) Vir doeleindes van hierdie artikel word vergoeding vir persoonlike (met inbegrip van professionele) dienste wat in een van die gebiede verrig is, geag inkomste te wees uit bronne binne daardie gebied, en word die dienste

whose services are wholly or mainly performed in ships or aircraft operated by a resident of one of the territories shall be deemed to be performed in that territory.

ARTICLE XXI

The taxation authorities of the Contracting Parties shall exchange such information (being information which is at their disposal under their respective taxation laws in the normal course of administration) as is necessary for carrying out the provisions of the present Convention or for the prevention of fraud or for the administration of statutory provisions against legal avoidance in relation to the taxes which are the subject of this Convention. Any information so exchanged shall be treated as secret and shall not be disclosed to any persons other than those concerned with the assessment and collection of the taxes which are the subject of this Convention. No information as aforesaid shall be exchanged which would disclose any trade, business, industrial or professional secret or trade process.

ARTICLE XXII

The taxation authorities of the Contracting Parties may communicate with each other directly for the purpose of giving effect to the provisions of the present Convention and for resolving any difficulty or doubt as to the application or interpretation of this Convention.

ARTICLE XXIII

(1) The nationals of one of the Contracting Parties shall not be subjected in the territory of the other Contracting Party to any taxation or any requirement connected therewith which is other or more burdensome than the taxation and connected requirements to which the nationals of the latter Party in the same circumstances are or may be subjected.

(2) In this Article the term "nationals" means—

(a) in relation to South Africa:

all South African citizens and all legal persons, partnerships and associations deriving their status as such from the law in force in South Africa;

(b) in relation to the United Kingdom, all British subjects and British protected persons:

(i) residing in the United Kingdom or any territory to which the present Convention is extended under Article XXIV, or

(ii) deriving their status as such from connection with the United Kingdom or any territory to which this Convention is extended under Article XXIV,

and all legal persons, partnerships and associations deriving their status as such from the law in force in the United Kingdom or in any territory to which the Convention is extended under Article XXIV.

van iemand wat geheel of hoofsaaklik verrig word in skepe of vliegtuie wat deur 'n inwoner van een van die gebiede in bedryf gehou word, geag in daardie gebied verrig te word.

ARTIKEL XXI

Die belastingowerhede van die Kontrakterende Partye ruil sodanige inligting uit (dit wil sê inligting wat ingevolge hulle onderskeie belastingwette in die gewone loop van administrasie tot hulle beskikking is) wat nodig is vir die uitvoering van die bepalings van die huidige Konvensie of ter voorkoming van bedrog of vir die toepassing van die wetsbepalings teen wetlike ontduiking in verband met die belastings wat die onderwerp van hierdie Konvensie uitmaak. Aldus uitgeruilde inligting word geheim gehou en aan geen ander persone openbaar gemaak as dié betrokke by die aanslaan en invordering van die belastings wat die onderwerp van hierdie Konvensie uitmaak nie. Geen inligting soos voormeld word uitgeruil wat 'n handels-, besigheids-, nywerheids- of professionele geheim of handelsproses aan die lig sou bring nie.

ARTIKEL XXII

Die belastingowerhede van die Kontrakterende Partye kan met die doel om uitvoering te gee aan die bepalings van die huidige Konvensie en vir die oplossing van enige moeilikheid of twyfel betreffende die toepassing of vertolking van hierdie Konvensie regstreeks met mekaar in verbinding tree.

ARTIKEL XXIII

(1) Die burgers van een van die Kontrakterende Partye word nie in die gebied van die ander Kontrakterende Party onderwerp aan enige belasting of enige vereiste daaraan verbonde wat anders of swaarder is as die belasting en verbonde vereistes waaraan die burgers van laasgenoemde Party onder dieselfde omstandighede onderworpe is of onderworpe gemaak mag word nie.

(2) In hierdie artikel beteken die uitdrukking "burgers"—

(a) met betrekking tot Suid-Afrika:

alle Suid-Afrikaanse burgers en alle regspersone, vennootskappe en verenigings wat hulle status as sodanig ingevolge die wette wat in Suid-Afrika van krag is, verkry;

(b) met betrekking tot die Verenigde Koninkryk, alle Britse onderdane en Britsbeskermdede persone—

(i) wat woonagtig is in die Verenigde Koninkryk of enige gebied waartoe die huidige Konvensie kragtens artikel XXIV uitgebrei is, of

(ii) wat hulle status as sodanig verkry vanweë verband met die Verenigde Koninkryk of enige gebied waartoe hierdie Konvensie kragtens artikel XXIV uitgebrei is,

en alle regspersone, vennootskappe en verenigings wat hulle status as sodanig verkry ingevolge die wette wat van krag is in die Verenigde Koninkryk of in enige gebied waartoe hierdie Konvensie kragtens artikel XXIV uitgebrei is.

(3) The taxation on a permanent establishment which an enterprise of one of the territories has in the other territory shall not be less favourably levied in that other territory than the taxation levied on enterprises of that other territory carrying on the same activities.

This provision shall not be construed as obliging one of the Contracting Parties to grant to residents of the other Contracting Party any personal allowances, reliefs and reductions for taxation purposes on account of civil status or family responsibilities which it grants to its own residents.

(4) Enterprises of one of the territories, the capital of which is wholly or partly owned or controlled, directly or indirectly, by one or more residents of the other territory, shall not be subjected in the first-mentioned territory to any taxation or any requirement connected therewith which is other or more burdensome than the taxation and connected requirements to which other similar enterprises of that first-mentioned territory are or may be subjected.

(5) In this Article the term "taxation" means the taxes which are the subject of this Convention.

ARTICLE XXIV

(1) The present Convention may be extended either in its entirety or with modifications, by agreement between the Contracting Parties, to all or any of the territories for whose international relations either Contracting Party is responsible and which impose taxes substantially similar in character to those which are the subject of this Convention, and any such extension shall take effect from such date and subject to such modification and conditions (including conditions as to termination) as may be specified and agreed between the Contracting Parties in Notes to be exchanged for this purpose.

(2) The termination in respect of South Africa or the United Kingdom of this Convention under Article XXVI shall, unless otherwise expressly agreed by both Contracting Parties, terminate the application of this Convention to any territory to which the Convention has been extended under this Article.

ARTICLE XXV

(1) The present Convention shall be ratified by the Contracting Parties in accordance with their respective constitutional and legal requirements.

(2) The instruments of ratification shall be exchanged at London as soon as possible.

(3) Upon exchange of the instruments of ratification this Convention shall enter into force⁽¹⁾ and its provisions shall have effect—

(a) In South Africa:

(i) as respects taxes on income, for any year of assessment ending after 30th June, 1962; and

(ii) as respects non-resident shareholders' tax, on dividends declared after 30th June, 1962;

(¹) The Convention entered into force on September 27, 1962.

(3) Die belasting op 'n permanente saak wat 'n onderneming van een van die gebiede in die ander gebied het, word nie in daardie ander gebied op 'n minder gunstige wyse gehef as die belasting wat op ondernemings van daardie ander gebied wat dieselfde bedrywighede uitoefen, gehef word nie.

Hierdie bepaling word nie uitgelé asof dit een van die Kontrakterende Partye verplig om aan inwoners van die ander Kontrakterende Party enige persoonlike toelaes, verligtings en verminderings vir belasting-doeleindes toe te staan uit hoofde van burgerlike status of gesinsverantwoordelikhede wat hy aan sy eie inwoners toestaan nie.

(4) Ondernemings van een van die gebiede, waarvan die kapitaal geheel of gedeeltelik, regstreeks of onregstreeks, deur een of meer inwoners van die ander gebied besit of beheer word, word nie in eersgenoemde gebied onderwerp aan enige belasting of enige vereiste daaraan verbonde wat anders of swaarder is as die belasting en verbonde vereistes waaraan ander soortgelyke ondernemings van daardie eersgenoemde gebied onderworpe is of onderworpe gemaak mag word nie.

(5) In hierdie artikel beteken die uitdrukking "belasting" die belastings wat die onderwerp van hierdie Konvensie uitmaak.

ARTIKEL XXIV

(1) Die huidige Konvensie kan òf in sy geheel òf met wysigings, by wyse van ooreenkoms tussen die Kontrakterende Partye, uitgebrei word tot al of enigeen van die gebiede vir wie se internasionale verhoudings enigeen van die Kontrakterende Partye verantwoordelik is en wat belastings oplé wat wesenlik van soortgelyke aard is as dié wat die onderwerp van hierdie Konvensie uitmaak, en enige sodanige uitbreiding tree in werking op sodanige datum en onderworpe aan sodanige wysiging en voorwaardes (met inbegrip van voorwaardes betreffende beëindiging) as wat deur die Kontrakterende Partye in Notas wat hulle vir hierdie doel moet uitruil, vermeld en ooreengekom mag word.

(2) By die beëindiging van hierdie Konvensie ten opsigte van Suid-Afrika of die Verenigde Koninkryk kragtens artikel XXVI word die toepassing van hierdie Konvensie op enige gebied waartoe die Konvensie kragtens hierdie artikel uitgebrei is, beëindig tensy albei Kontrakterende Partye uitdruklik anders ooreenkom.

ARTIKEL XXV

(1) Die huidige Konvensie word deur die Kontrakterende Partye ooreenkomstig hul onderskeie grondwetlike en wetlike vereistes, bekragtig.

(2) Die bekragtigingsdokumente word so spoedig moontlik uitgeruil te Londen.

(3) By uitruiling van die bekragtigingsdokumente tree hierdie Konvensie in werking en word sy bepalings van krag—

(a) In Suid-Afrika:

(i) met betrekking tot belastings op inkomste, vir enige jaar van aanslag wat na 30 Junie 1962 eindig; en

(ii) met betrekking tot belasting op buitelandse aandeelhouders, ten opsigte van dividende na 30 Junie 1962 verklaar;

(b) In the United Kingdom :

- (i) as respects income tax, for any year of assessment beginning on or after 6th April, 1962;
- (ii) as respects surtax, for any year of assessment beginning on or after 6th April, 1961; and
- (iii) as respects profits tax, for any chargeable accounting period beginning on or after 1st January, 1962, and for the unexpired portion of any chargeable accounting period current at that date.

(4) The Agreement between South Africa and the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, signed at London on 14th October, 1946, together with the Supplementary Protocol amending that Agreement signed at Pretoria on 5th November, 1954, shall terminate and cease to be effective as respects taxes to which this Convention in accordance with paragraph (3) above applies; provided that the said Agreement and Supplementary Protocol shall still apply as between South Africa and those territories to which that Agreement and Supplementary Protocol have been extended under Article XV of the Agreement.

ARTICLE XXVI

(1) The present Convention shall continue in force indefinitely, but either of the Contracting Parties may, on or before 30th June in any calendar year not earlier than the year 1966, give to the other Contracting Party, through diplomatic channels, written notice of termination and, in such event, this Convention shall cease to be effective—

(a) In South Africa :

- (i) as respects taxes on income, for any year of assessment ending after 30th June in the calendar year next following that in which the notice is given; and
- (ii) as respects non-resident shareholders' tax, on dividends declared after 30th June in the calendar year next following that in which the notice is given;

(b) In the United Kingdom :

- (i) as respects income tax, for any year of assessment beginning on or after 6th April in the calendar year next following that in which the notice is given;
- (ii) as respects surtax, for any year of assessment beginning on or after 6th April in the calendar year in which the notice is given; and
- (iii) as respects profits tax, for any chargeable accounting period beginning on or after 1st January in the calendar year next following that in which the notice is given and for the unexpired portion of any chargeable accounting period current at that date.

(2) The termination of this Convention shall not have the effect of reviving any agreement or arrangement abrogated by the present Convention or by any agreement previously concluded between the Contracting Parties.

(b) In die Verenigde Koninkryk:

- (i) met betrekking tot inkomstebelasting, vir enige jaar van aanslag wat op of na 6 April 1962 begin;
- (ii) met betrekking tot "surtax", vir enige jaar van aanslag wat op of na 6 April 1961 begin; en
- (iii) met betrekking tot winsbelasting vir enige rekeningkundige tydperk ten opsigte waarvan die belasting vorderbaar is wat op of na 1 Januarie 1962 begin, en vir die onverstreke gedeelte van enige op daardie datum lopende rekeningkundige tydperk ten opsigte waarvan die belasting vorderbaar is.

(4) Die Ooreenkoms tussen Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland, wat op 14 Oktober 1946 te Londen onderteken is, tesame met die Aanvullende Protokol ter wysiging van daardie Ooreenkoms, wat op 5 November 1954 te Pretoria onderteken is, verval en is nie meer van krag nie ten opsigte van belastings waarop hierdie Konvensie ingevolge paragraaf (3) hierbo van toepassing is; met dien verstande dat bedoelde Ooreenkoms en Aanvullende Protokol steeds van toepassing bly tussen Suid-Afrika en dié gebiede waartoe bedoelde Ooreenkoms en Aanvullende Protokol kragtens artikel XV van die Ooreenkoms uitgebrei is.

ARTIKEL XXVI

(1) Die huidige Konvensie bly vir 'n onbepaalde tydperk van krag, maar enigeen van die Kontrakterende Partye kan op of voor 30 Junie in enige kalenderjaar, maar nie vroeër as die jaar 1966 nie, aan die ander Kontrakterende Party deur diplomatieke kanale skriftelike kennis van opsegging gee, en in so 'n geval verval hierdie Konvensie—

(a) In Suid-Afrika:

- (i) met betrekking tot belastings op inkomste, vir enige jaar van aanslag wat eindig na 30 Junie in die kalenderjaar wat volg op dié waarin sodanige kennis gegee is; en
- (ii) met betrekking tot belasting op buitelandse aandeelhouers, ten opsigte van dividende verklaar na 30 Junie in die kalenderjaar wat volg op dié waarin sodanige kennis gegee is;

(b) In die Verenigde Koninkryk:

- (i) met betrekking tot inkomstebelasting, vir enige jaar van aanslag wat begin op of na 6 April in die kalenderjaar wat volg op dié waarin sodanige kennis gegee is;
- (ii) met betrekking tot "surtax", vir enige jaar van aanslag wat begin op of na 6 April in die kalenderjaar waarin sodanige kennis gegee is; en
- (iii) met betrekking tot winsbelasting vir enige rekeningkundige tydperk ten opsigte waarvan die belasting vorderbaar is wat begin op of na 1 Januarie in die kalenderjaar wat volg op dié waarin sodanige kennis gegee is, en vir die onverstreke gedeelte van enige op daardie datum lopende rekeningkundige tydperk ten opsigte waarvan die belasting vorderbaar is.

(2) Die beëindiging van hierdie Konvensie herstel nie 'n ooreenkoms of reëling wat herroep word deur die huidige Konvensie of deur enige ooreenkoms wat vroeër tussen die Kontrakterende Partye aangegaan is nie.

In witness whereof the undersigned, duly authorised thereto by their respective Governments, have signed this Convention.

Ten bewyse waarvan die ondergetekendes, behoorlik deur hulle onderskeie Regerings daartoe gemagtig, hierdie Konvensie onderteken het.

Done in duplicate at Cape Town, this twenty-eighth day of May, One Thousand Nine Hundred and Sixty-two, in the English and Afrikaans languages, both texts being equally authoritative.

Gedoen in duplo te Kaapstad op hede die agt-en-twintigste dag van Mei Eenduisend Negehonderd Twee-en-sestig, in die Engelse en Afrikaanse tale, waarvan beide tekste ewe regsgeldig is.

For the Government of the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland:

Namens die Regering van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland:

JOHN MAUD.

For the Government of the Republic of South Africa:

Namens die Regering van die Republiek van Suid-Afrika:

T. E. DÖNGES.

Printed and published by
HER MAJESTY'S STATIONERY OFFICE

To be purchased from
York House, Kingsway, London w.c.2
423 Oxford Street, London w.1
13A Castle Street, Edinburgh 2
109 St. Mary Street, Cardiff
39 King Street, Manchester 2
50 Fairfax Street, Bristol 1
35 Smallbrook, Ringway, Birmingham 5
80 Chichester Street, Belfast 1
or through any bookseller

Printed in England